van het besef, dat in de toekomst uitdrukking zou worden gegeven aan de samenhang van geheel Zuid-Afrika. Dom of kortzichtig mag men haar dus zeker niet noemen. Zij heeft slechts het ongeluk gehad van te staan aan de kant die verloor."

- Verslag van die algemene vergadering "Historisch Genootschap", Utrecht, 20.4.1938, p.46; oorgedruk in "Verkenning en Onderzoek" (Groningen, 1965), p.321.

Oor Dr. Leyds het hy in 1942 o.m. opgemerk:

"Vasthoudendheid kan leiden tot trouw als Leyds jegens Kruger heeft gevoeld en getoond, ondanks alle besef van de zwakheden van de ander. Zij kan ook de moed der overtuiging schenken, en zeker deed zij dat bij Leyds, die steeds heeft gevolgd wat hij gevoelde als eis van plicht en geweten. Ten aanzien van de republiek betekende het voor hem dat hij zocht te handhaven wat haar eer en waardigheid en haar mogelijkheden voor de toekomst vergden, liever dan, gelijk velen wilden, dat hij bukken zou voor overmacht."

- "Handelingen en Levensberichten van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden", 1941-1942, p.24; oorgedruk in "Verkenning en Onderzoek", (Groningen, 1965), p.342.

Suid-Afrika het hierdie en ander werksaamhede, waaraan nog aandag gewy sal word, op 'n passende wyse na waarde geskat deur jhr. prof. Dr. P.J. van Winter met 'n tweetal eredoktorsgrade te vereer. Die eerste is in 1953, tydens 'n besoek aan ons land, deur die Universiteit van Stellenbosch toegeken. In 1973 het 'n tweede eredoktoraat, dié keer deur die Universiteit van Suid-Afrika, gevolg.

Pieter Jan van Winter is op 2.8.1895 in die stad Utrecht, Nederland, gebore. Hy het aanvanklik onderrig in geskiedenis aan verskillende hoërskole gegee. Sy eerste pos as dosent het hy van 1919-1926 aan die "Gemeentelijke Hogere Burgerschool" te Groningen beklee. Hy kry in 1928, terwyl hy in Amsterdam gewoon het, 'n aanbieding van 'n professoraat in ons land. Hy het die aanbod nie aangeneem nie. In die voorafgaande jaar (1927) het hy, aan die Rijksuniversiteit van Leiden, onder die beroemde Nederlandse kultuurhistorikus en geskiedkundige, prof. Dr. Johan Huizinga (1872-1945), gepromoveer op die proefskrif "Het aandeel van den Amsterdamschen handel aan de opbouw van het Amerikaansche Gemeenebest" ('s-Gravenhage, deel 1, 1927; tweede deel 6 jaar later). Dit was 'n ekonomies-historiese onderwerp oor die ekonomiese belangrike bedrywighede van 'n groep Amsterdamse bankiers en 'n aantal vooraanstaande Amerikaners.

Drie jaar later is jhr. Dr. Van Winter benoem as sekretaris van die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV)

te Amsterdam. Tot 1939 sou hy dié pos beklee en 'n belangrike plek in die geskiedenis van 'n nog bestaande vereniging inneem wat hom sedert sy oprigting in 1881 steeds beywer om o.m. die kulturele bande tussen Nederland en ons land te verstewig en uit te brei. Daarna sou jhr. Dr. Van Winter nog tientalle jare lid van die hoofbestuur van die NZAV en lid van daarmee verbonde organisasies soos die "Studiefonds voor Zuid-Afrikaansche Studenten" en die "Fonds voor het Hollandsch onderwijs in Zuid-Afrika" bly. Van 1938-1966 was hy redakteur van die maandblad "Zuid-Afrika", die amptelike orgaan van die NZAV. Hy het dié blad grotendeels self volgeskryf en na 1966 tot sy heengaan as ere-redaksielid opgetree.

Sy eerste bydrae oor die geskiedenis van ons land, wat in boekvorm verskyn het, was "Zuid-Afrika onder Nederlandsch Bestuur" in die jubileumboek "Gedenkboek uitgegeven door de Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging, bij gelegenheid van haar vijftig-jarig bestaan, 1881-1931" (Amsterdam, 1931) (pp. 11-38). Hierdie studie eindig o.m. met die volgende, insiggewende opmerking:

"Overzien wij nog eenmaal hetgeen in het voorafgaande naar voren werd gebracht, dan bespeuren wij al in de 18de eeuw in Hollandsch Zuid-Afrika in hoofdzaak twee krachten, die beiden streefden naar zelfbestuur, de eene meer nationaal, de andere, die der Boeren, vooral plaatselijk. Het zijn factoren geweest, die ook in de 19de eeuw van zich hebben doen spreken" (p.37).

Van 1936 dateer 'n tweetal bydraes, t.w. "Zuid-Afrika onder Nederlandsch bewind", t.w. die teks by 'n kaart van die "Geschiedkundige Atlas van Nederland" ('s-Gravenhage, 1936, bl. 20-28), en "Normen en Beginselen bij de emigratie naar Zuid-Afrika", soos verskyn in die maandblad "Zuid-Afrika" (jg. 13, nr. 6, 1936) en ook afsonderlik, onder dieselfde titel, versprei (Amsterdam, 1936).

'n Tweetal nuwe rigtings, met Suid-Afrika as werkterrein, is in 1937 en 1938 deur die outeur ingeslaan.

xxxxxx

In 1937 het die eerste deel van die gesaghebbende studie "Onder Krugers Hollanders - Geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij" (Amsterdam, 1937) die lig gesien. Hierdie baanbrekerswerk is in 1938 deur 'n tweede deel (Amsterdam, 1938) gevolg. In dieselfde jaar het, in 'n sterk verkorte vorm, die bydrae "De Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij, de Zuid-Afrikaansche Republiek en de Unie van Zuid-Afrika" in die verslagreeks van die "Historisch Genootschap" (Utrecht) verskyn. In "De Nederlanders in de Zuid-Afrikaansche Republiek" is aandag aan hierdie bevolkingselement in die eertydse Transvaal gegee. Dié bydrae het in "Nederlandsche Historiebladen" (Utrecht, nr. 1, 1938) verskyn.

'n Artikel "Nederland en Zuid-Afrika" in die "Economisch-Statistische Berichten"(jaargang 23, 1938), is ons, wat inhoud en omvang betref, onbekend.

Van diesélfde jaar noem ons nog die volgende belangrike bydraes wat in die Eeufeesuitgawe van die letterkundige tydskrif "De Gids" (Desember 1938, deel 4) verskyn het:

"Voortrekkers en Trekboeren in de geschiedenis van Zuid-Afrika" (pp.305-337) en "Vijftig jaar cultuurstrijd aan den Witwatersrand" (pp.338-346).

Deur dié bydraes het die swaartepunt van jhr. Dr. Van Winter se historiese belangstelling in 1938 noordwaarts begin beweeg en het hy sy aandag grotendeels op Transvaal toegespits.

Terugsiende het hy in 1987 in 'n brief teenoor die skrywer van hierdie huldeblyk en herinneringe verklaar:

"Onder Krugers Hollanders is een van mijn beste werken. Het heeft in belangrijke mate bijgedragen tot de carrière die ik heb mogen maken" (Groningen, 9.8.1987).

Hier het die tydperk in die lewe en werk van jhr. Dr. Van Winter begin wat prof. Dr. A.G. Jongkees in die volgende woorde geskets het:

"Verleden en heden van de gewezen Boeren-republieken hebben hem aangetrokken en geboeid, zijn hem blijven boeien."

xxxxxx

Op 12.8.1939 volg jhr. prof. Dr. P.J. van Winter se benoeming as hoogleraar in geskiedenis aan die Rijksuniversiteit te Groningen. Hy sou dié pos met onderskeiding tot 1.9.1965 beklee. Sy rede by geleentheid van die aanvaarding van die amp van hoogleraar, wat hy op 18.11.1939 gehou het, het oor die ondewerp "Engeland en Cromwell" gehandel (teks: "Verkenning en Onderzoek", pp.11-32).

xxxxxx

Die stad Groningen en die gelyknamige provinsie vorm die swaartepunt op ekonomiese en kulturele gebied van die noordelike deel van Nederland as gevolg van o.m. sy gunstige ligging ten opsigte van die see, die aanwesigheid van diverse bodemskatte en die arbeidsaamheid en deursettingsvermoë van sy bevolking.

In die vyftiende eeu was die stad reeds 'n stadstaat van betekenis en op 23.8.1614 is die plaaslike universiteit ingewy wat, in 1815, tot 'n ryksuniversiteit verhef is. Die eerste rektor was die reeds genoemde Ubbo Emmius (Greetsiel, 1547 - Groningen, 1625), wat tewens hoogleraar in geskiedenis en Grieks was. Hy het vanaf 1595 in die stad gewoon en gewerk.

Jhr. prof. dr. P.J. van Winter was tot 1.9.1965 hoogleraar in geskiedenis, terwyl hom in 1953 die eer te beurt geval het om rektor aan die universiteit te word. Op 20.9.1954 het hy sy rektorale diensjaar met 'n rede oor die aanloop van die Britse imperialisme afgesluit, waarin hy o.m. na die Kaapkolonie verwys het. ("Verkenning en onderzoek", pp.33-56.)

Binne 'n jaar na die aanvaarding van die benoeming het tot 1945, die Duitse besetting van Nederland gevolg. In dié verband het jhr. prof. Dr. Van Winter in 'n toespraak op 28.8.1961 o.m. verklaar:

"Wij weten uit een recent verleden wat het vergt stand te houden wanneer alles om ons wankelt. Wij weten ook dat het eerste nodige is dat wij weten wáár wij stand willen houden." ("Verkenning en onderzoek", pp.245-246.)

Na die oorlogsjare kon jhr. prof. Dr. Van Winter hom weer, in volle vryheid aan sy taak wy. Hy het in die jare 1940-1945 Suid-Afrika nie vergeet nie.

Daarvan getuig sy twee bydraes in die "Handelingen en Levensberichten"-reeks van die "Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden" (1942), t.w. die lewensberig oor Dr. Willem Johannes Leyds en die beskouing "Dr. Leyds en Zuid-Afrika" (o.m. afgedruk in "Verkenning en Onderzoek", pp.322-343).

Na die oorlogsjare 1940-45 was jhr. prof. Dr. P.J. van Winter o.m. lid van die Nederlandse "Commissie van Advies en Coördinatie" in verband met die latere kulturele verdrag tussen Nederland en ons land. In 1952 het hy 'n belangrike aandeel in die Jan van Riebeeck-herdenking in Nederland gehad. Studente uit ons land was in dié jare onder sy gehoor. Die latere prof. Dr. F.A. van Jaarsveld (Pretoria) was een van hulle. Besoekers van ons land het die professor in sy statige woning aan die Noorderhaven besoek.

In 1953, by geleentheid van een van sy besoeke aan ons land, het die Universiteit van Stellenbosch jhr. prof. Dr. Van Winter met 'n eredoktorsgraad vereer. Op 21.9.1953, in dieselfde jaar, het prof. Dr. J.H. Beekhuis die rektoraat van die Rijksuniversiteit Groningen aan jhr. prof. Dr. Van Winter oorgedra. 'n Jaar later, op 29.9.1954 het die aftredende rektor sy verslag van die lotgevalle van die Rijksuniversiteit in die studiejaar 1953-1954 voorgedra.

In die voorafgaande en daaropvolgende jare het die afgetrede rektor o.m. in die volgende bydraes aandag aan ons land en sy vraagstukke gewy:

1952 - "De Kaapkolonie in 1710", maandblad "Zuid-Afrika" (April 1952).

1955 - "De Apartheidspolitiek in Zuid-Afrika" ("De Gids", 118-1, 1955).

1955 - "Zuid-Afrika in de Hollandse tijd", in "Nederlanders over de Zeeën, 350 Jaar geschiedenis van Nederland buitengaats" (Utrecht, 1955, tweede druk).

1956 - "The New History, Public Lecture delivered at the University of Natal", in "Theory, A Journal of Studies in the Arts, Humanities and Social Sciences" (no. 8, 1956).

1964 - "De Nederlanders in de Zuid-Afrikaansche Republiek", in

"Economisch-Historische Herdrukken" ('s-Gravenhage, 1964; herdruk uit "Nederlandsche Historiebladen" (1, 1938).

Verder het jhr. prof. Dr. P.J. van Winter sedert 1938, in sy hoedanigheid as redakteur, verskeie uiteenlopende bydraes in die maandblad "Zuid-Afrika", die orgaan van die NZAV, Amsterdam, gepubliseer. Van 1946-1953 was hy met die leiding van die "Kroniek" in "Bijdragen voor de Geschiedenis der Nederlanden" belas. Van sy hand het na 1953 ook artikels in die "Bijdragen" verskyn.

Die universitêre loopbaan van jhr. prof. Dr. P.J. van Winter is op 21.5.1965 met sy afskeidslesing as hoogleraar in die algemene en vaderlandse geskiedenis van die Nuwe Tyd afgesluit. Sy onderwerp by dié geleentheid was "De Chinezen van Europa" (Groningen, 1965, pp.27). Aan die slot van hierdie lesing het hy aan sy toehoorders o.m. gesê dat hy met hulle geswerf het in ruimte en tyd, soos dit van 'n historikus verwag mag word (p.21).

Het hy dalk op dié oomblik gedink aan sy navorsing in die Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, waar hy in November 1947, aan die hand van die bevindings van die Suid-Afrikaanse historikus George McCall Theal (1837-1919) die oudste grense van die distrik Tulbagh gekontroleer het? Sy bevindings in dié verband is sowel in "Africana Aantekeninge en Nuus" (Johannesburg, 1951, pp.122-128) as in "Verkenning en Onderzoek" (pp.268-275) gepubliseer.

By geleentheid van sy aftrede is deur 'n ere- en werkkomitee 'n keuse uit sy werk in boekvorm, onder die titel "Verkenning en Onderzoek" (Groningen, 1965, pp.451) as 'n huldeblyk van oud-leerlinge, kollegas en ander vriende aan die skeidende hoogleraar aangebied.

xxxxxx

Besondere vermelding verdien die toekenning van 'n eredoktorsgraad deur die Universiteit van Suid-Afrika aan jhr. prof. Dr. P.J. van Winter in 1973.

Ten slotte word hier vermeld dat die op 6 Maart 1990 heengegane o.m. lid van die "Koninklijke Academie van Wetenschappen", lid van die "Maatschappij der Nederlandse Letterkunde" te Leiden, lid van die "Koninklijke Academie voor Wetenschappen, Letteren en Schone Kunsten" (België) en Ridder in die Orde van die "Nederlandse Leeuw" was.

In 'n omsendbrief van die NZAV is jhr. prof. Dr. P.J. van Winter tereg as "een groot vriend van Zuid-Afrika en meer dan zestig jaar een centrale figuur in de culturele relaties tussen Nederland en Zuid-Afrika" [1] bestempel.

Aantekening.

1. Die oorledene was sedert 1972 wewenaar van sy tweede eggenote (Maria Johanna Spork) en sy reeds vroeër oorlede eerste eggenote (Anna Hortense Sark). Drie kinders het, aldus die doodsberig, sy heengaan betreur. Hulle is: prof. Dr. J.M. van Winter (Utrecht), Clasine (Lexington, V.S.A.) en Henriette Agnes van Winter (Groningen).

UIT DIE GESKIEDENIS VAN DIE NEDBANK (3) - 100 JAAR BANKVAS

Die hoofagent oor die besetting van Pretoria, Junie 1900

deur C. de Jong

Die hoofagent van die Nederlandsche Bank en Credietvereeniging voor Zuid-Afrika (NBCV, sedert 1971 Nedbank genoem) tydens die Tweede Anglo-Boere-oorlog was Hendrik Christiaan Jorissen, tweede seun van oud-Staatsekretaris en oud-hoofregter van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) E.J.P. Jorissen. Die "Standard Encyclopaedia of Southern Africa", volume 6, deel oor hom mee: "Jorissen, Hendrik Christiaan. Banker. (Born at) Groningen 20.7.1866, (died at) Cape Town 24.12.1949. He was the second son of Dr. E.J.P. Jorissen and arrived with his parents in Pretoria at the age of ten. He joined the Standard Bank and later established a brokerage firm in Kimberley, Barberton and Johannesburg. In 1888 he entered the service of what later became the Netherlands Bank of South Africa in Pretoria and from 1891 until 1920 was its principal representative in South Africa. He was Deputy Governor of the South African Reserve Bank from 1921 until 1926 and upon his retirement became a director (of the SARB) which he remained until his death" - Jan Ploeger.

Ek voeg aan sy lewenskets by dat hy sy loopbaan by die NBCV in die kantoor te Johannesburg begin het en in 1891 een van die twee hoofagente van die instelling te Pretoria geword het; die ander hoofagent was L.G. Vorstman, bestuurder van die maatskappy vir vervaardiging van plofstowwe. Jorissen was die bestuurder wat die NBCV deur moeilike jare geloods het.

In die loop van 1899 het die dreiging van oorlog tussen Brittanje en die Boererepublieke steeds toegeneem en op 11 Oktober het die lank verwagte oorlog uitgebreek. Die direksie van die NBCV het die nodige voorsorge getref, maar kon min uitrig om die bank te beveilig. Die bank het toe 'n hoofagentskap in Pretoria en bykantore in Johannesburg - die belangrikste kantoor -, Potchefstroom en Brugspruit by die steenkoolmyne by die latere Witbank gehad. In die eerste fase van die stryd het die Boere oorwinnings behaal, veral van 10 tot 17 Desember 1899, die "Black Week" vir Brittanje genoem. Met die omsingeling van generaal P.A. Cronjé en sy leër by Paardeberg en sy oorgawe op 27 Februarie 1900, en die gelyktydige deurbraak van die Britte deur die Tugelalinie op dieselfde dag en die ontset van Ladysmith as gevolg daarvan, het 'n beslissende wending in die oorlog gekom. Daarna kon die Boere die stryd nie meer wen nie. Lord Roberts het op 13 Maart 1900 Bloemfontein beset en op 3 Mei sy opmars na Pretoria begin. Die Boerekommando's onder generaal Louis Botha moes steeds terugtrek om nie deur die Britse oormag omsingel en tot oorgawe gedwing te word nie, soos met Cronjé gebeur het. Die Britse leër het op 31 Mei Johannesburg beset en op 5 Junie Pretoria. In die nag van 29 op 30 Mei het die

ZAR-regering in stilte en in haas Pretoria verlaat en na Machadodorp uitgewyk.

Jan C. Smuts skryf in sy herinneringe aan die Tweede Anglo-Boere-oorlog, "Memoirs of the Boer War" - skitterend van geskiedskrywing en styl -, oor die spanningsvolle dae kort voor en na die besetting van Pretoria: "Pretoria - the holy of holies of the Republic of South Africa - was generally expected to mark a decisive stage of the war: to the British commanders the expected final Boer stand at Pretoria and its capture seemed likely to be the coup de grâce to the Republics; to the Boer rank and file it appeared ... as the great Armageddon[1] where the Boer forces ... would deliver that united final blow ... They did not know that in the inner circle of their Government it had already been decided to abandon Pretoria ... and that the hope ... was not in the fortified town but on the illimitable veld."[2]

Talle burgers het veel verwag van die sterk en duur forte wat Pretoria omring, maar hul verdedigers was min en die kanonne was kort na die uitbreek van die oorlog na die front verskuif. Dit was strydig met die gees van die Boere om hulle te laat opsluit en beleër in 'n vesting of stad, hulle wou beweeglik bly en te perd in die veld opereer om terug te trek wanneer hul aftog bedreig sou word.

Toe die ZAR-regering die hoofstad verlaat het, was die kommando's nog by Johannesburg en hy het geen polisie en min hoofamptenare agtergelaat - volgens Jan Smuts alleen hy en visepresident Schalk Burger wat hom op 29 Mei siek gemeld en op 30 Mei die stad verlaat het om sy gesin na Lydenburg in veiligheid te bring. Daar was 'n gesagsleemte in die hoofstad en die bevolking het goewermentspakhuise oopgebreek en geplunder omdat die voorrade anders in die hande van die vyand sou val.

Jan Smuts skryf oor die gesagskrisis na die vertrek van die regering: "To my misfortunes, my authority (as Staatsprokureur) did not remain unquestioned and a rival started up in the shape of a socalled 'rust en orde' committee of which the burgomaster, Piet Potgieter (noot: Mayor of Pretoria from 29 December 1898 to 5 June 1900), and the Chief Justice, Gregorowski, formed prominent members ... Their principal anxiety was to devise ways and means to prevent the bombardment of the town by an early surrender so that they acquired the unenviable name of the 'surrender committee'."[3]

'n Paar dae later het die terugtrekkende oorblyfsels van die Transvaalse kommando's uit die suide in Pretoria opgedaag, moeg, moedeloos en honger. Maar hulle het geen onderdak, geen voedsel, drank en voorrade gevind nie en verder getrek na die ooste, agter die ZAR-regering aan. Generaal Louis Botha het in Pretoria aangekom, die rust en orde komitee en ander ordebewaarders tersy gestel en sy eie gesagdraers in die regeringlose stad aangestel, van wie C.G.S. Sandberg die sterkste figuur was.[4]

Orde en rus het ten dele teruggekeer. Op 4 Junie het die voorhoede van die Britse leër die stad genader en 'n paar granate afgevuur wat gelukkig min skade aangerig het. Die Britte het die verlate forte oorgeneem en op 5 Junie Pretoria binnegemarsjeer sonderom 'n skoot te skiet. Pretoria was voortaan Brits.

Tydgenote, onder wie H.C. Jorissen, het die gebeurtenisse kort voor die besetting van Pretoria in hel kleure as hoogs dramaties beskryf. Die beskrewe gebeurtenisse verbleik en versink in die niks in vergelyking met die geweld van twee wêreldoorloë later in ons eeu wat die "Cambridge History of Europe" "the Era of Violence" noem. Maar vir die Pretorianers in 1900 was die gebeurtenisse skokkend.

Enkele weke voor en na die begin van die oorlog het duisende blank en swart immigrante die ZAR verlaat. Die goudmynbou en as gevolg daarvan die sakelewe het amper geheel tot stilstand gekom, die steenkoolontginning is ten dele voortgesit weens die voortgaande behoefte aan brandstof. Die in- en uitvoer, onder meer van goud, is grotendeels gestaak net soos die banksake. By die uitbreek van die oorlog het die ZAR-regering die plig tot betaling van huur, pag en rente op verbande opgeskort om die burgers op kommando teen skuldeisers te beskerm. Ook die banke is daardeur geraak.[5] Die berigteverkeer en valutahandel met die buiteland moes voortaan oor Lourenço Marques loop met vermyding van Britse stede, en gebruik van geheime kodes was verbied. Ook die berigteverkeer tussen die hoofagent van die NBCV en die direksie in Amsterdam het moeisaam en traag geloop. Tog het Jorissen sy plig as hoofagent om weekliks die direksie uitvoerig te skryf, nagekom. Die brief wat hy in die weke voor en na die besetting van Pretoria geskryf het, volg hierna in vertaling uit Nederlands.

Die Britse militêre goewerneur van Pretoria het 'n halfjaar lank bykomende beperkings van die geldverkeer en valutahandel afgekondig om aan die teenstanders kontant en valuta te onthou. Hy het op 21 Junie 1900 proklamasie no. 4 vir dié doel uitgevaardig. Die handelsbanke mog weekliks ten hoogste £20 per bankdeposito uitbetaal en geen wissels diskonteer nie. In Desember 1900 is die beperkings vir banke verruim.[6] In die loop van 1901 en 1902 is die een goudmyn na die ander heropen, is die in- en uitvoer hervat en het die sakelewe geleidelik normaler geword. Ook die NBCV het daarvan geprofiteer.

In 1900 is H.C. Jorissen uit Transvaal verban, hoewel sonder aanwysbare rede; hy het hom altyd ver van die politiek en die botsings tussen Boer en Brit gehou. Die verklaring is miskien dat sy vader, E.J.P. Jorissen, wat tegelyk met hom verban is, as oud-Staatsekretaris bekend gestaan het as anti-Brits - wat juis was. Die Jorissen-familie het na Nederland gegaan. H.C. is vervang deur V. de Braal tot sy terugkeer 'n paar maande na die Vrede van Vereeniging, op 31 Mei 1902 onderteken.[7]

Hoewel die direksie en die meerderheid van die personeel

pro-Boer was en personeellede kommandodiens verrig het, het die NBCV tydens die oorlog 'n neutrale houding aangeneem en die Boeresaak nie regstreeks gesteun nie. Weens hierdie neutrale houding het die Britse besetter nie teen die NBCV gediskrimineer nie.

Die NBCV het deur die oorlog geen geldelike verliese van betekenis gely nie en die moeilikhede goed te bowe gekom, maar in die oorlogsjare geen dividend uitgekeer nie. Hy het ongunstiger jare in die diep na-oorlogse depressie 1903-1910 beleef. In die volgende artikel sal die bank se geskiedenis na 1910 bespreek word.

Verwysings

1) Armageddon is in Openbaring, hoofstuk 16 vers 16, Nuwe Testament in die Bybel, die slagveld waar die demone byeenkom vir die laaste stryd teen God; daarna ook simbolies vir die reusestryd en wêreldbrand tussen die groot magte van Goed en Kwaad, eindigend met die wêreldbrand volgens Christelike en oud-Germaanse mitologie, in laasgenoemde die godeskemering (Götterdämmerung, Ragnarök) genoem.

2) Jan C. Smuts, "Memoirs of the Boer War", in W.K. Hancock and Jean van der Poel, "Selections from the Smuts papers", volume one, Cambridge Univerity Press, Cambridge 1966, p.537.

3) Jan C. Smuts, "Memoirs of the Boer War", t.a.p. verwysing 2, p.540.

4) Die Nederlander Jonkheer Dr. C.G.S. Sandberg, "Twintig jaren onder Krugers Boeren in voor- en tegenspoed", Amsterdam 1943, vertel op p.309-319 van sy ervarings as adjudant van kommandant-generaal Louis Botha en as belangrikste lid van die driemanskap wat Botha vir die ordehandhawing in Pretoria tussen die vertrek van die ZAR-regering op 29 Mei en die Britse besetting op 5 Junie 1900 aangewys het; die ander lede was Boshoff, "landdrost van het district Pretoria", wat deur Sandberg nooit gesien is nie, en dorps-veldcornet alias commandant P.F. Zeederberg; Sandberg het die intog van lord Roberts en sy soldate in Pretoria op uitnodiging van H.C. Jorissen gesien vanuit die boverdieping van die Nederlandsche-Bankgebou aan Kerkplein en nog dieselfde dag die stad heimlik verlaat om hom weer by Botha aan te sluit.

5) P.J. Nieuwenhuizen, "Geskiedenis van die Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika" (ens.), Nedbank, Johannesburg 1988, ongepubliseerd, hoofstuk 6: "Die Bank gedurende die Anglo-Boere-oorlog 1899-1902", p.182-217, berig op p.191: "In die proklamasie van 11 Oktober 1899 is nie verwys na promesses en voorskotte op lopende rekening nie. Dié soort verpligtings is steeds deur die Bank (NBCV) opgeëis."

6) Nieuwenhuizen, t.a.p. verwysing 5, p.200: "In Desember 1900 is sommige van die beperkings op die banke opgehef. Wisseltransaksies en oordragte (van een bankrekening na andere) is weer normaal toegestaan."

7) Nieuwenhuizen t.a.p. verwysing 5 is gebaseer op die werk van mev. An-

sophie M. Joubert se Magisterverhandeling by die Randse Afrikaanse Universiteit, getitel "Die geskiedenis van die Nederlandsche Bank en Credietvereniging 1888-1902", Johannesburg, November 1986.

Pretoria, 7 Junie 1900

De Directie
Nederlandsche Bank en Credietvereeniging voor Zuid-AFrika
Amsterdam
Nederland

Myne Here,

Ons het U op 25 Mei (1900) geskryf en het daarna u geëerde brief van 23 April (1900) ontvang.

Ons weet nog nie wanneer ons hierdie brief kan pos nie. Nou ons egter ná die beroering en opskudding in die afgelope dae weer enigsins tyd het om kalm op kantoor te wees, begin ons alreeds met hierdie brief. Nadat ons gepasseerde Donderdag die Bank gesluit het, het ons vandag weer geopen, na volhou van 'n week sluiting.

Ons het nog geen berig van Johannesburg nie. Die verstuur van briewe en telegramme is nog nie vir die publiek oopgestel nie. Ons het egter onregstreeks verneem dat aldaar wat die banke betref niks besonders voorgeval het nie.

Ook van Potchefstroom het ons in die laaste weke niks gehoor nie.

Sodra die kabelverbinding met Europa weer oopgestel is, sal ons U natuurlik onmiddellik van die stand van sake op die hoogte stel.

Ons behoef U natuurlik nie te sê nie dat ons swaar dae agter die rug het. Ons sal U met 'n enkele woord die kroniek gee virsover ons Bank daarby betrokke was.

Woensdag, 30 Mei (1900) het hier by die outoriteite 'n telegram aangekom van die Regering wat soos U bekend sal wees, 'n paar dae tevore na Machadodorp verplaas was.[1] In dié telegram het die Regering die betrokke amptenare gelas om al die goud en silwer uit die banke te neem, desnoods met geweld, en om dit na Machadodorp te stuur.

Op dieselfde middag het die betrokke amptenare met die telegram na die Nationale Bank gegaan, waar die oorspronklike (van die telegram) aan die heer Naudé getoon is.[2] Mnr. Naudé het dus self die telegram gelees en die inhoud aan ons meegedeel. Hoewel later ontken is dat so 'n telegram hier ontvang was, bestaan dan ook by ons nie die minste twyfel dat die Regering se bedoeling werklik was om al die geld uit Pretoria te laat weghaal nie.

U kan u natuurlik lewendig voorstel wat ons indruk was, toe mnr. Naudé gekom en ons die saak meegedeel het. Ons het besluit om in geen geval ons geld vrywillig af te staan nie. Ons het ons gesamentlik na ons Konsul-generaal[3] begewe. Hy het netso vreemd opgekyk as ons en het beloof om die volgende môre

vroeg by die Bank te wees om te sien watter maatreëls ons sou neem om ons teen die Regering se planne te verset.

Inmiddels het ons van verskillende goewermentsamptenare bevestiging van die berig ontvang. Ons mag intussen hier nie nalaat om te vermeld dat die meeste die planne net so sterk as ons afgekeur het nie.

Die volgende môre, Donderdag (31 Mei 1900), het ons die Bank nie geopen nie. Ons het dit beter gevind om ons kantoor en ons brandkluis gesluit te hou. Toe ons voldoende bevestiging van die Regering se planne had, het ons Konsul-generaal aan die president te Machadodorp getelegrafeer en in sterk bewoordinge geprotesteer. Die heer Gourko,[4] Russiese attachee, wou by ons op die môre 'n redelik belangrike bedrag trek, maar kon dit nie doen nie aangesien ons kantoor gesluit was. Hoewel ons hom ten slotte tog betaal het, het hy belangrike vertraging ondervind voordat ons hom kon help. Ook hy het per telegraaf by die president geprotesteer. Dit is ook gedoen deur die here Ram, Nederlandse attachee[5] en Aubert, Franse Konsul-generaal.[6]

Teen die middag het ons Konsul-generaal 'n telegram van die president ontvang waarin hy sê dat by hom geen planne bestaan om geld uit die Bank te laat weghaal nie en dat hy ook nooit so 'n opdrag gegee het nie. Soos ons hierbo reeds gesê het, is ons seker daarvan dat hierdie planne wel bestaan het.[7]

Hoe dit ook al mag wees, die telegram het ons voorlopig gerus gestel daar in elk geval geblyk het dat die planne in kwessie laat vaar is.

Hoewel nou vir die oomblik die gevaar van dié kant gewyk het, het die sake in die algemeen in die tussentyd so 'n onrusbarende wending geneem dat ons vir die Bank se veiligheid allesbehalwe gerus was.

Toe die Regering Pretoria verlaat het, was daar feitlik niemand wat die gesag verteenwoordig het nie. Daar was kommissies van Rus en Orde, daar was 'n ander kommissie wat volgens sê deur of namens die Regering aangestel sou wees. Smuts, die Staatsprokureur, en Schalk Burger[8] was nog hier, maar niemand van hierdie kommissies en persone het mekaar se outoriteit erken nie. Die gevolge het natuurlik nie uitgebly nie. Donderdagmôre het die publiek begin om goewermentspakhuise oop te breek en hulle te voorsien van daarin aanwesige lewensmiddele.[9] 'n Winkel van Beckett[10] het spoedig dieselfde lot gedeel en van alle kante het die mense toegeloop om hul aandeel in die buit te kry. Eers was dit persone met ten hoogste 'n kruiwaentjie, maar weldra het die plunderaars gekom met huurrytuie, eie rytuie, trollies, ja selfs met donkie- en ossewaens. Hoe groter die aantal plunderaars geword het, hoe wanordeliker dit toegegaan het. Ons sal egter die unieke tafreel nie in besonderhede beskryf nie. In die uitgawes van "De Volksstem" vind U die hele affêre uitvoerig gerapporteer.

Toe egter die plundering steeds groter afmeting aangeneem het en van hoër gestelde mag absoluut niks geblyk het nie, het

elkeen hom natuurlik afgevra waar dit wel sou eindig. Ons was bevrees dat die plunderende massas sodra hulle met die opslagplekke in kwessie gereed sou wees, hul aandag aan die private winkels sou gaan wy en dat ook die banke met 'n besoek vereer sou word.

Tewens het allerlei gerugte die ronde gedoen: die Engelse gevangenes te Waterval sou ontsnap het en na Pretoria opruk en allerlei tonele van moord en bloedbad is in die vooruitsig gestel.[11] Dit was 'n môre waarop die land reddeloos, die volk redeloos was en indien daar 'n regering sou gewees het, hy seker radeloos sou gewees het.[12] Ons konsul was die hele môre op die Kerkplein en ons was voortdurend met hom in gesprek. Toe die beroering die grootste was en elkeen sien dat iets gedoen moes word, het die Nederlandse attachees, die here Thomson en Ram,[13] aangebied om die bevel van 'n aantal Hollanders op hulle te neem en om met hulle die verskillende Hollandse inrigtings en firma's te besoek en desnoods te verdedig. Dit het gebeur na oorleg met ons Konsul-generaal en met toestemming van die burgemeester Potgieter wat sogenaamd die sentrale gesag verteenwoordig het.

Deur hierdie reëling is 'n las van ons hart weggeneem. Spoedig het die wagte in die Bank gekom en voorlopig was alle gevaar verwyder. Ons mag nie nalaat om hier nogmaals vas te stel dat ons in hierdie aangeleentheid en trouens voortdurend in hierdie dae heel veel steun en medewerking van ons Konsul-generaal ondervind het.

In die middag van Donderdag (31 Mei 1900) het die beroering enigsins bedaar. Die plundering van goewermentspakhuise is gestop en die stad het 'n kalmere aanblik gekry. Tog was ons nog ver van gerus. Ons groot vrees was dat die Boere wanneer hulle deur die Britte teruggedryf sou word, deur die dorp sou trek en miskien sou gaan plunder. Ons vrees is vergroot deur die omstandigheid dat die Boere wat in die dorp was, oral stalle oopgebreek het en die perde "gekommandeer" het. Aangesien hulle almal gekommandeer het sonder enige outoriteit het dit egter veel op diefstal gelyk.

Later is ook hieraan 'n einde gemaak. Kommandant-generaal Louis Botha het al die bestaande kommissies ontslaan en 'n nuwe, 'n driemanskap, aangestel, naamlik landdros Schutte en die here Piet Zeederberg en Sandberg.[14] Die driemanskap het enkele maatreëls vir herstel van die orde geneem, maar was van korte duur, omdat die Engelse reeds op Dinsdagmôre[15] besit van Pretoria geneem het.

Nationale Bank - In ons vorige briewe het ons U reeds meegedeel dat die note van die Nationale Bank by proklamasie "legal tender" (wettige betaalmiddel) gemaak is en nie meer in goud verwissel kon word nie.

Enkele dae voordat die Regering Pretoria verlaat het, het die Nationale Bank begin om die Regeringstjeks te weier. Die antwoord was: "Refer to drawer". Die verhouding tussen Natio-

nale Bank en Regering was blykbaar baie gespanne. Die hele dag het die kommissarisse en Naudé tussen die Nationale Bank en die Regeringsgebou[16] heen en weer geloop.

Toe het 'n nuwe proklamasie verskyn. Daar is goewermentsnote geskep wat tot wettige betaalmiddel verklaar is. Hulle het 6% rente gedra. Die naam waarmee hulle aangedui is, was al spoedig "bluebacks" en die Regering het nou die vorderinge op hom met hierdie nuwe note betaal. Ook die tjeks deur die Regering op die Nationale Bank getrek, wat op voorgaande dae geweier is, is nou met hierdie note uitbetaal. Hoewel by proklamasie elkeen gelas is om die "bluebacks" vir die volle waarde aan te neem, het tog al heel spoedig geblyk dat niemand dit wou doen nie. Dit was trouens nie verwonderlik nie. Die Regering het die volgende dag[17] uitgeknyp en daar was dus niemand om aan die bepalings in die proklamasie die hand te hou nie.

Dis onnodig om te sê dat ons geweier het om die "bluebacks" as deposito aan te neem. 'n Enkele van ons debiteure wou sy skuld aan ons met "bluebacks" aflos, maar ons het geweier om dit aan te neem.

Al die Regeringsamptenare is intussen met "bluebacks" vir hul salaris oor Mei (1900) betaal, asook vir hul agterstallige salaris solank die oorlog geduur het.

Aangesien die "bluebacks" as vrywel waardeloos beskou is, het die Regering se maatreël om sy amptenare op dié wyse te betaal nie weinig ontevredenheid verwek nie. Die ontevredenheid was nie geringer toe dit blyk dat die Regering al die rowwe en gemunte goed wat hy nog besit het en 'n redelik belangrike waarde verteenwoordig het, saamgeneem het na Machadodorp.

Dit word beweer dat die goud en geld deur 'n gewapende mag uit die Munt weggehaal is.[18]

Verder het die Regering een dag voordat die Engelse Pretoria binnegetrek het, al die goud en geld uit die Munt geneem; hierdie besending het eweneens na Machadodorp gegaan, hoewel die amptenare tot die laaste oomblik wysgemaak is dat dit uit die Munt gehaal is vir betaling van salarisse en verwisseling van "bluebacks".

Dit word beweer dat die goud en geld wat deur 'n gewapende mag uit die munt weggehaal is, die Regering se eiendom was. Of dit juis is, meen ons egter moet betwyfel word, en wel om die volgende redes. Die Nationale Bank het hom teen die weghaal verset en die direkteure is onder arres gestel. Verder is dit feitlik met geweld deur 'n kommando weggehaal.

Dit lê voor die hand dat hierdie maatreëls onnodig sou gewees het indien die goud werklik die Regering se onbetwiste eiendom sou gewees het.

12 Junie 1900 - Toe die Engelse (Pretoria) binnegetrek het en 'n paar dae daarna, het ons (Bank) nog gesluit gebly. Ons het gepoog om die Militêre Goewerneur te besoek om ons opwagting te maak en amptelike toestemming te kry om die Bank weer te open. Daar het intussen so 'n drukte en gedrang geheers dat dit ons nie

moontlik was om generaal-majoor Maxwell, die Militêre Goewerneur te besoek om ons opwagting te maak en amptelike toestemming te kry om die Bank weer te open. (Daar het intussen so 'n drukte en gedrang geheers dat dit ons nie moontlik was om generaal-majoor Maxwell, die Militêre Goewerneur, te ontmoet nie.)

Die bestuurders van ander banke het (ook) probeer maar met dieselfde gevolg. Ons het toe besluit om almal te open in die mening dat feitlik geen toestemming van die outoriteite nodig was nie. Op 7 van hierdie maand is dus alle banke weer geopen met uitsondering van die Nationale (Bank). Op Saterdagmiddag, 9 van hierdie maand, het die Militêre Goewerneur egter 'n boodskap aan alle banke gestuur dat hy die bestuurders op die volgende dag, Sondag, wens te ontmoet.

Hy het ons toe meegedeel dat 'n proklamasie betreffende die banke sou verskyn wat ons sou toestaan om weer te open op sekere voorwaardes wat hy voorgelees het. Onder meer sou niemand meer as £20 per week aan 'n bank mag onttrek nie; sake in wissels ensovoorts word nie toegestaan nie; niks mag vrygegee word wat vir bewaargewing (safeguarding) by die banke gedeponeer is nie ensoovoorts, ensovoorts. Die bedoelde proklamasie is nog nie uit nie en ons hoop om voor die vertrek van die pos (na oorsee), wat nou nog onbekend is, 'n eksemplaar te kan insluit.

Die Nationale Bank is nou ook weer oop. Soos U bekend is, is mnr. Naudé algemene bestuurder. Die militêre outoriteite het nou mnr. Ths Law, U bekend as bestuurder van die Johannesburgse tak, aangestel as "Provisional General Manager". Mnr. Crawford van Lewis & Marks is benoem tot "Managing Director". In watter verhouding die beide nuwe amptenare staan tot die posisie deur mnr. Naudé beklee, is ons nie bekend nie.

21 Junie 1900 - Aangesien ons verneem het dat die pos na Europa een van die dae weer langs die gewone weg oor Kaapstad sal vertrek, sal ons die laaste hand aan hierdie brief lê.

Ons stuur U hierby 'n "Government Gazette" no. 4. Aangesien in hierdie nommer alles herhaal word wat in die voorgaande gestaan het, is dit onnodig om U die vorige te stuur.

Aan die einde van voorgaande maand het die Konsul-generaal ons meegedeel dat hy van die minister[19)] 'n telegram ontvang het waarin hom gevra word om op te gee hoeveel rowwe goud deur ons verskeep was. Die Konsul-generaal het daarop aan die minister[19)] op 29 Mei (1900) geantwoord en ons sluit kopie van die telegram in.

Soos U in die bygevoegde Government Gazette sal sien, is mnr. Enrys Evans, vroeër bestuurder en inspekteur van die Standard Bank, en laastelik visekonsul van Engeland te Johannesburg, aangestel as "Financial Adviser". Verlede Sondag is ons bank deur hom geïnspekteer. Deur hom is nota van verskillende dinge geneem, onder meer van die saldo's van sommige van ons kliënte, van verskillende pakkette vir veilige bewaargewing, die hoeveelheid rowwe goud deur ons gedurende die oorlog verskeep ensovoorts

ensovoorts. Die outoriteite skyn van mening gewees te hê dat die goewerment van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) 'n rekening by ons gehad het. Op hul desbetreffende vraag moes ons hulle natuurlik antwoord dat ons geen rekening van die goewerment het of ooit gehad het nie.

Personeel - Dommisse[20] het onlangs na Johannesburg teruggekeer, Schunke, een van die klerke wat deur ons as ekstra in diens geneem is, het van ons kennis gekry dat ons na hierdie maand sy dienste nie meer benodig nie, aangesien drie van ons klerke van kommando teruggekeer het. Ons behou voorlopig Den Hoog, die tweede ekstra klerk, in die plek van Bodenstein.

Daar gaan in sake natuurlik niks om nie solank die proklamasie dat op elke rekening slegs £20 per week uitbetaal kan word, van krag bly. Trouens, alle bankbesigheid is verbied, uitgesonderd dié wat uitdruklik in die proklamasie vermeld is. Ons telegram van 25 Mei (1900), luidende "Stop buying drafts on Transvaal" bly dan ook natuurlik nog steeds van krag.

Ons stel ons voor om U per kabel op die hoogte te hou telkens wanneer in die toestand van sake wat bankbesigheid betref, verandering sal kom, en om U te adviseer wanneer U weer met diskonteer ensovoorts van wissels op Suid-Afrika kan begin.

Van Johannesburg en Potchefstroom het ons nóg geen berig nie. Wel verneem ons telkens oor eersgenoemde tak van derdes dat daar alles wel is.

Ons hoop so spoedig moontlik per kabel te berig dat alles hier en by die agentskappe in orde is.

Ons het met belangstelling u brief van 23 April (1900) wat voor ons lê, gelees, maar dit vereis min beantwoording. Uit u mededelings blyk ons dat indien ons groot bedrae oor Blijdenstein[21] laat loop, dit ons kommissie nie onbelangrik sal verklein nie. Natuurlik lê dit voor die hand dat ons in die vervolg nie minder sake met Londen as vroeër sal doen nie en net so seker is dit dat die mededinging nie geringer sal word nie. Sou dit nie moontlik wees om daarom vir groot bedrae wat ons oor Londen laat loop, 'n korting in die kommissie te verkry nie? Ons doen slegs 'n suggestie, U is met die omstandighede net so goed bekend as ons en ons laat dit daarom graag aan U oor of U, in hierdie iets wil doen. Net so goed as ons sal u insien dat ons in die vervolg skerp sal moet konkurreer en ons vestig in hierdie verband ook nogmaals u aandag op die absolute noodsaaklikheid dat U "drawing power" vir ons op die hele wêreld bewerkstellig. In hierdie opsig staan ons tot nou toe heeltemal by die ander banke agter.

Hoogagtend,
Nederlandsche Bank en Credietvereeniging voor Zuid-Afrika
De Hoofdagent w.g. H.C. Jorissen

Verwysings van die redakteur by die brief van H.C. Jorissen aan sy direksie in Amsterdam, Junie 1900.

1) Die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het in die nag

van 28 op 29 Mei in stilte en in haas uit Pretoria na Machadodorp aan die Oosterlyn vertrek weens die nadering van Britse troepe by Johannesburg; slegs die visepresident Schalk Burger en Jan C. Smuts, Staatsprokureur, het van die hoë ampsdraers in Pretoria agtergebly tot die intog van Britse troepe op 5 Junie 1900.

2) L. Naudé was algemene bestuurder van die Nationale Bank van de Zuid-Afrikaansche Republiek wat die rekeninge van die ZAR-regering gehou het en as dié se bankier opgetree het; Naudé was Afrikaner, die meeste van sy personeellede was van Britse geboorte en is kort na die begin van die oorlog uit Transvaal verban.

3) Die Nederlandse konsul-generaal in die ZAR was F.G. Domela Nieuenhuis, bekend as oortuigde pro-Boer.

4) Luitenant-kolonel Vassilii I. Romeiko Gurko was militêre attachee van Rusland by die republikeinse leër; kyk oor hom: C. de Jong and E. Foxcroft, "Reports of neutral military observers during the Anglo-Boer War 1899-1902, The despatches of Lieutenant-Colonel Gurko of the General Staff sent from the theatre of war operations in South Africa with the Boer forces"; in "Militaria, Military-Historical Periodical of the South African Defence Force", volume 5 nr. 4, Pretoria 1975, p.49-61.

5) Kaptein Jonkheer Johan Hendrik Ram, gebore in 1861, was offisier in die Koninklijk Nederlandsch-Indisch Leger (KNIL) en een van die vier Nederlandse militêre attachees by die Boerestrydkragte.

6) V.S. Aubert was konsul van Frankryk te Pretoria en pro-Boer.

7) Die ingetrekte telegram is moontlik opgestel en verstuur deur die Staatsekretaris van die ZAR, F.W. Reitz; hy het naamlik tydens die oorlog meer maatreëls geneem wat hy spoedig moes intrek, soos sensuur op briewe deur militêre attachees verstuur.

8) Schalk Burger was visepresident, Jan C. Smuts Staatsprokureur van die ZAR.

9) Die goewermentspakhuise het gestaan aan die Markstraat tussen Kerkplein en die spoorwegstasie van Pretoria.

10) Thomas Beckett was 'n vooraanstaande koopman en winkelier in Pretoria, gebore in Kent, Engeland. Na bewering het Staatsekretaris F.W. Reitz hom by die vertrek van die ZAR-regering benoem as hoof van 'n komitee vir handhawing van rus en orde in Pretoria; dit was dus 'n ander komitee as die rust en orde komitee van burgemeester Piet Potgieter en het moontlik bestaan uit vooraanstaande private inwoners van die hoofstad van die ZAR.

11) Bedoel is die groot krygsgevangekamp vir Britse offisiere en soldate te Waterval, 18 km noord van Pretoria; teen die einde van Mei 1900 is ongeveer 1000 van hulle geëvakueer na Middelburg aan die Oosterlyn, die agtergeblewe 3 tot 4 duisend is op 5 Junie 1900 bevry.

12) Dit is 'n verwysing na die ou Nederlandse segswyse: Die volk was redeloos, die regering radeloos, die land reddeloos, ontstaan in 1672 toe

toe die Franse leër van koning Lodewijk XV die grootste deel van Nederland beset het en die Nederlandse republiek ook in oorlog met Brittanje en die Duitse bisdomme Munster en Keulen was.

13) Hulle was die Nederlandse militêre attachees by die Boerekommando's, kaptein Ram, vermeld in verwysing 5 hierbo, en luitenant Lodewijk Willem Johan Karel Thomson, 1869-1914, KNIL-offisier; kyk oor hom "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 4.

14) Jonkheer Dr. C.G.S. Sandberg was adjudant-offisier van kommandant-generaal Louis Botha; hy gee 'n verslag van sy belewenisse in die oorlog in sy boek "Twintig jaren onder Krugers Boeren in voor- en tegenspoed", Amsterdam 1943, en op p.309-320 'n relaas van sy optrede in Pretoria tussen 29 Mei en 5 Junie 1900. Hy vermeld dat hy die tweede lid van die driemanskap, Boshof (nie Schutte nie), landdros van die distrik Pretoria, nie gesien het nie omdat Boshof skoonveld was, en dat hy saamgewerk het met die derde lid, dorps-veldkornet P.F. Zeederberg.

15) 5 Junie 1900.

16) Die Nationale Bank van die ZAR was gevestig in 'n gebou aan die noordweshoek van Kerkplein langs die Staatsmuntinrigting, die NBCV was gevestig in die Nederlandsche-Bankgebou aan die suidweshoek van Kerkplein.

17) 29 Mei 1900 - Die Regeringsvan die Boererepublieke het in die 19de eeu voor die ontdekking van die Groot Gouedrif onafhanklik van mekaar Staatspapiergeld in omloop gebring; dit is "bluebacks" genoem en het spoedig aansienlik, somtyds tot die helfte van die sigwaarde, gedepresieer; na die Staatsnote is die papiergeld van die republieke in die oorlog 1899-1902 ook "bluebacks" genoem.

18) Staatsprokureur Jan C. Smuts het met ongeveer 50 polisiebeamptes die rowwe en gemunte goud uit die Nationale Bank en die Muntinrigting verwyder en op Maandagmiddag, 4 Junie onder vuur van Britse kanonne na die stasie gebring en in 'n besondere trein na Machadodorp gelaai. Die bedrag van die edelmetaal was volgens Smuts tussen £400 000 en £500 000. Die goudskat het in Machadodorp aangekom en is in September 1900 oor Lourenço Marques na Hamburg verskeep en daar afgedra aan die gesantskap van die ZAR te Brussel. Die goudskat is die oorsprong van die nooit eindigende bewerings dat dit êrens in Oos-Transvaal onder die naam van "Krugermiljoene" begrawe lê. Smuts vertel oor sy beslagname van die goud en versending daarvan in sy "Memoirs of the Boer War", in W.K. Hancock and Jean van der Poel, "Selections from the Smuts papers", volume one, Cambridge University Press, 1966, p.544-545.

19) Dit is die Nederlandse minister van buitelandse sake of van ekonomiese sake (handel en nywerheid) in Den Haag.

20) Dit is J. Dommisse, adjunk-hoofagent van die Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika in 1921-1927 onder hoofagent J. Postmus en hoofagent na Postmus in 1927-1938.

21) Die bankiershuis Blijdenstein & Co. in Londen het spoedig na die stigting van die NBCV die verteenwoordiger daarvan in Brittanje geword.



Die gebou van die Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika aan die Kerkplein in Pretoria — Die argitek was W.J. de Zwaan — Die gebou is in Januarie 1898 in gebruik geneem en is tans nasionale monument. Die boustyl is Nederlandse Neo-Renaissance.
Foto C. de Jong 1964